

DIE BOEK OPENBARING

Hoofstuk 7

Inleiding

Hoofstuk 7 openbaar hoe dit met die gelowiges sal gaan wanneer die plaë op hulle toeslaan.

- Die Here het alreeds sy uitverkorenes vantevore met sy seël verseël.
- Daardeur is hulle vir alle ewigheid beveilig.

Hoofstuk 7 – 11 vul die tussenstuk in tussen Hoofstuk 6:12vv en Hoofstuk 11:3vv.

- Al twee daardie gedeeltes openbaar dat die wederkoms plaasvind.
- Hoofstuk 6 het die totale verskriklikheid van die eindoordeel oor die ongelowiges beskryf – wat die angs laat by die gelowiges: *Wat word van my in hierdie verskriklike oomblikke?*

Hoofstuk 7 beskryf hoe die uitverkorenes van die Here bewaar word in hierdie benouende tye.

- Dit toon die adres van hulle laaste woonplek aan en wie en hoeveel hulle is.
- Hoofstuk 7 speel dus in 'n sekere sin gelyktydig met hoofstuk 6 af!

Die verseëlde is almal veilig! Hierdie verseëling vrywaar egter nie die gelowiges sodanig dat niks van die rampe hulle tref nie!

- Hierdie rampe kom oor gelowiges en ongelowiges.

Daarop sê die HERE aan die Satan: Kyk, alles wat hy het, is in jou hand; net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie. En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE. En op 'n dag, terwyl sy seuns en sy dogters besig was om te eet en wyn te drink in die huis van hul oudste broer, kom 'n boodskapper na Job en sê: Terwyl die beeste aan ploë was en die esels aan wei langs hulle, . . . (dan kom die rampe!) (Job 1:12-14 AFR1953)

(34:20) Resj. Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die HERE hom. (34:21) Sjin. Hy bewaar al sy bene: nie een daarvan word gebreek nie. (Psalm 34:19-20 AFR1953)

- Die verskil tussen die gelowiges en die ongelowiges is net dat die Here elke keer die gelowiges (uitverkorenes) red. Hy beskerm hulle teen die oordele.
- Hierdie oordele kan nie wesenlike skade aan hulle doen nie!

En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. (Romeine 8:28 AFR1953)

Neem dan nou vir julle sewe bulle en sewe ramme, en gaan na my kneg Job en bring 'n brandoffer vir julle, en laat my kneg Job vir julle bid; want hom alleen sal Ek in guns aanneem, sodat Ek aan julle nie die dwaasheid laat vergelde nie; want julle het nie reg van My gesprek soos my kneg Job nie. (Job 42:8 AFR1953)

En die HERE het die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het; en die HERE het Job se besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen. (Job 42:10 AFR1953)

- Vir die gelowige is die onheile elke keer net 'n middel waarmee die Here hulle al nader na sy liefde toe bring.

Dit is goed vir my dat ek verdruk was, sodat ek u insettinge sou leer.

(Psalm 119:71 AFR1953)

Vers 1 – 3

En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of

teen enige boom nie. En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie.

(Openbaring 7:1-3 AFR1953)

In Hoofstuk 4:2 skryf Johannes dat hy 'in die Gees' geraak het:

En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon.

(Openbaring 4:2 AFR1953)

- Dit is belangrik om te onthou dat Johannes in hoofstuk 7 nog steeds in die Gees is.
- Hy skryf nêrens dat hy nie meer in die Gees is of was nie en dat hy nou weer in die Gees is nie.
- Hy is dus nog steeds in dieselfde toestand met die openbaring wat onverpoosd voortgaan.

Hy sien vier engele wat op die hoeke van die aarde staan – dit beteken maar net dat hulle in die vier verskillende hoofrigtings staan.

En Ek sal vier winde uit die vier hoeke van die hemel oor Elam aanbring en sal hulle na al hierdie windstreke verstrooi; en daar sal geen nasie wees waar die verjaagdes van Elam nie sal kom nie. (Jeremia 49:36 AFR1953)

En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.

(Matteus 24:31 AFR1953)

Die beeld van die vier windstreke is ook nie so vreemd in die Bybel nie. Vergelyk die volgende gedeeltes

1 Kronieke 9:24 **Die poortwagters moes aan die vier windstreke wees, na die ooste, weste, noorde en suide toe.**

Esegiël 37:9 **Daarop sê Hy vir my: Profeteer tot die gees, profeteer, mensekind, en sê aan die gees: So spreek die Here HERE: Kom aan uit die vier windstreke, o gees, en blaas in hierdie dooies, dat hulle lewendig kan word.**

Daniël 8:8 **En die bok het uitermate magtig geword; maar toe hy sterk was, het die groot horing afgebreek, en vier aansienlike horings het in sy plek uitgekom na die vier windstreke van die hemel.**

Daniël 11:4 **En as hy opgetree het, sal sy koninkryk verbreek word en na die vier windstreke van die hemel verdeel word; en dit sal nie aan sy nakomelinge behoort en nie wees soos die heerskappy wat hy gehad het nie—want sy koninkryk sal verwoes word en nie aan hulle behoort nie, maar aan ander.**

Sagaria 2:6 **Op, op, vlug uit die Noordland, spreek die HERE! Want Ek het julle na die vier windstreke van die hemel verstrooi, spreek die HERE.**

Matteus 24:31 **En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.**

Markus 13:27 **En dan sal Hy sy engele uitstuur, en Hy sal sy uitverkorenes uit die vier windstreke versamel, van die einde van die aarde af tot by die einde van die hemel.**

Die **vier hoeke van die aarde** kom ook meer kere voor:

Jesaja 11:12 en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde.

Openbaring 7:1 En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie.

Openbaring 20:8 en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.

Die vier engele wat Johannes sien, kry by die Here die opdrag om al die winde op die aarde te beteuel.

- Stormwind waai doodgewoon alles om.
- Wind is meermale in die Bybel die instrument wat oordeel en verwoesting bewerk.

Vergelyk die volgende tekste:

Toe daar meteens 'n groot wind oor die woestyn kom wat die huis aan die vier hoeke gryp; en dit het op die jongmense geval, sodat hulle gesterf het; en net ek alleen het ontvlug om u dit te vertel. (Job 1:19 AFR1953)

(83:14) My God, maak hulle soos strooi, soos stoppels voor die wind. (Psalm 83:13 AFR1953)

Jy sal hulle uitwan, en die wind sal hulle wegneem en die storm hulle verstrooi; maar jy sal juig in die HERE, jou beroem op die Heilige van Israel. (Jesaja 41:16 AFR1953)

In dié tyd sal aan hierdie volk en aan Jerusalem gesê word: 'n Gloeiende wind van die kaal heuwels in die woestyn op pad na die dogter van my volk, nie om te wan of te suiwer nie! 'n Wind te sterk vir hierdie dinge sal vir My kom; nou sal Ek ook oordele teen hulle uitspreek. (Jeremia 4:11-12 AFR1953)

In Openbaring 7 is die winde duidelik die voltrekkers van God se oordeel. Die woede waarmee hulle waai, moet die hele aarde se mense aangryp. Die winde en hulle werk (of die beperking daarvan – soos hier) kom nie weer in die boek Openbaring voor nie.

Die **vier hoeke** beteken:

- Dit gaan oor letterlik alle mense
- Dit beteken ook dat hierdie vier winde oral gaan.

Maar hierdie vier winde word vasgehou – deur vier engele.

- Daarmee openbaar die Here dat alle kragte van die natuur onder sy bestuur staan.
- Ook al die ellendes wat hulle kan bewerk – of nie kan bewerk nie – staan onder sy direkte bestuur en beheer.
- Geen krag of mag kan iets doen as God hom nie toestemming gee om dit te doen nie.
- Die mag wat hulle het, kry hulle by God.

In hierdie geval regeer die Here hulle. Nou is hulle magteloos. Hulle kan aan niks en niemand iets doen nie – nie aan 'n boom op die vasteland nie, en ook nie aan 'n skip wat ter see is nie.

Waarom mag die magte niks kwaad doen nie?

Omdat die Here sy uitverkorenes eers wil verseël.

Van die Ooste af kom daar 'n engel.

. . . het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God

- Hy is nie die Here Jesus nie.
- Maar hy is 'n magtige engel, want hy het die seël van God.
- Hy is 'n dienende engel – al staan hy aan die hoof van die ander engele.

Die engele moet onder leiding van dié engel die uitverkorenes verseël.

- Hy besluit nie wie verseël moet word nie – die Here besluit dit.
- Die engel noem die Here die lewende God. Dis 'n Naam van die Here wat baie sterk aansluit by die naam *JHWH* wat die ewige bestaan van God in sy verbondsgenade uitbeeld.

Met die seël wat die engel(e) op die mense sit, word die eienaarskap (eiendomsreg) van God in die betrokke mense ingedruk.

. . . en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig en gesê

Die engel roep met 'n harde stem sodat alles en almal hom kan hoor.

- Sy stem gaan duidelik tot by die vier hoeke van die aarde waar die vier engele is wat die winde moet vashou.
- Daar is nie iemand wat 'n verkeerde ding sal doen en dan later sal sê dat hy nie gehoor het nie.

Sy bevel word gedra deur die krag en die gesag (outoriteit) van God. Die mense wat verseël moet word, word **diensknegte van ons God** genoem. Die term *diensknegte* word deur die hele boek Openbaring gebruik om die uitverkorenes te beskryf:

Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het, (Openbaring 1:1 AFR1953)

Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet. (Openbaring 2:20 AFR1953)

. . . en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam! (Openbaring 7:10 AFR1953)

maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete. (Openbaring 10:7 AFR1953)

En hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die Here, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur. (Openbaring 22:6 AFR1953)

Hier is nie sprake van enige liggaamlike afstamming nie.

- Dit gaan oor mense wat hulle kan onderskei omdat hulle God dien.
- Dit is baie belangrik om dit te snap: Hier word op geen manier verwys na mense wat net van Joodse afkoms is nie!
- Hierdie uitspraak sluit ook die gelowiges uit die heidendom in!

Daar word ook nie net aan 'n deel aandag gegee om hulle te verseël nie. ***Almal word verseël.***

Hulle kry die seël op 'n duidelike sigbare en kenbare plek – op hulle voorkoppe.

- Almal kan en moet dit sien!
- Hulle is deur God gestempel (en bestempel!) as sy eiendom.
- Hulle hele lewensbestaan sal wel van hulle diensknegskap aan God getuig.

Vers 4 – 8

En ek het die getal van die verseëlde gehoor: honderd vier en veertig duisend verseëlde uit al die stamme van die kinders van Israel uit die stam van Juda twaalf duisend verseëlde; uit die stam van Ruben twaalf duisend verseëlde; uit die stam van Gad twaalf duisend verseëlde; uit die stam van Aser twaalf duisend verseëlde; uit die stam van Náftali twaalf duisend verseëlde; uit die stam van Manasse twaalf duisend verseëlde; uit die stam van Símeon twaalf duisend verseëlde; uit die stam van Levi twaalf duisend verseëlde; uit die stam van Issaskar twaalf duisend verseëlde; uit die stam van Sébulon twaalf duisend verseëlde; uit die stam van Josef twaalf duisend verseëlde; uit die stam van Benjamin twaalf duisend verseëlde. (Openbaring 7:4-8 AFR1953)

Let daarop dat Johannes nie sê dat hy die verseëlde van naby **gesien** het nie!

- Hy sê ook nie dat hy gesien het hoe die verseëling gebeur nie! Dit (het) dus gebeur op 'n manier waarop hy dit nie kon waarneem nie.
- Hy hoor net die getal van die wat wel verseël is.

Waarom gebeur dit so?

- Geen mens op aarde weet verseker en bo alle twyfel wie die uitverkorenes van die Here is nie.
- Geen mens weet ook wie werklik die lewe van die Gees van God in hulle harte besit nie.
- Die Here alleen ken hierdie feite van watter mense sy verseëlde eiendom is.

Ewenwel, die fondament van God staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat syne is; en: Laat elkeen wat die Naam van Christus noem, afstand doen van die ongeregtigheid. (2 Timoteus 2:19 AFR1953)

Daarom bly die individuele verseëlde vir Johannes onsigbaar. Hy skryf wel in vers 9 dat hy 'n groot menigte voor God se troon sien staan het! Dis die verseëlde!

- Dis verkeerd om met raaiwerk aan te neem dat die verseëlde die geredde uit die Jodendom is,
- terwyl die groot skaar mense voor God se troon weer geredde uit die heidendom is.
- Die twee beskrywings bedoel dieselfde mense.

As dit nie die geval is nie, beteken dit dat slegs die gelowiges uit die Jodedom verseël word en nie die uit die heidendom ook nie!

Die benoeming van die verseëlde is simbolies om alle uitverkorenes aan te toon.

- Dis nie bedoel om geredde Jode (Israeliete) aan te toon nie.
- Die woorde **kinders van Israel** toon dit aan – **kinders van Israel** beteken dikwels die geredde kerk van die Here in die hiernamaals.
- *Verder is dit opvallend dat die name van Dan en Efraim uitgelaat word –*
 - *Dan se geskiedenis is een van verraad en agterbaksheid. Hulle het hulle al baie vroeg skuldig gemaak aan beelddiens.*

En die kinders van Dan het vir hulle die gesnede beeld opgerig; en Jónatan, die seun van Gersom, die seun van Moses, hy en sy seuns was priesters vir die stam van die Daniëte tot op die dag van die ontvolking van die land. (Rigters 18:30 AFR1953)

Daarom het die koning raad gehou en twee goue kalwers gemaak en aan hulle gesê: Julle het lank genoeg opgegaan na Jerusalem—hier is, o Israel, jou gode wat jou uit Egipteland laat optrek het! En die een het hy in Bet-el opgerig en die ander in Dan opgestel.

(1 Konings 12:28-29 AFR1953)

- *Net so is Efraim skuldig daaraan dat hulle Israel laat skeur het.*

en nie word soos hulle vaders nie, 'n koppige en wederstrewige geslag, 'n geslag met 'n onvaste hart en wie se gees nie trou was teenoor God nie. Die kinders van Efraim, gewapende boogskutters, het omgespring op die dag van oorlog. Hulle het die verbond van God nie gehou nie en geweier om te wandel in sy wet. (Psalm 78:8-10 AFR1953)

En Hy het die tent van Josef verwerp, en die stam van Efraim het Hy nie uitverkies nie, (Psalm 78:67 AFR1953)

- *Hierdie twee stamme word uitgelaat, terwyl Josef en Manasse albei ingesluit word.*
- Daarby laat die volgorde van die name ons al klaar verstaan dat hierdie benoeming afgesien het van Israel as 'n nasie wat op die aarde woon.

Die getal **144 000** is simbolies so saamgestel: 3 X 3 X 4 X 4 X 10 X 10 X 10

3 = die Drie-Eenheid van God

4 = die getal van die aarde (maar ook 2 X 2 is twee keer die getal van die mens)

Vers 9, 10

Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam! (Openbaring 7:9-10 AFR1953)

Die openbaring van die groot skare volg onmiddellik weer. Dis 'n voortsetting/uitbreiding van die gesig wat voorafgegaan het.

- Dié keer sien Johannes hulle as 'n geheel. Hy sien al die uitverkorenes/gereddes/verseëldes!
- Hy sien 'n verskeidenheid onder die mense – daar is nie net Jode nie! Hy sien mense **uit alle nasies en stamme en volke en tale.**
- Dis ook nie heeltemal nuut nie, want die Here het die ding van die verskillende volke wat gered word, al eerder geopenbaar:

Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, (Openbaring 5:9 AFR1953)

NB Hy sien hulle juigend voor God se troon!

- Van die stryd wat daar op die aarde was toe die perderuiters hongersnood, oorlog en die dood gesaai het, is daar nou geen sprake nie.
- Dit is darem ook so dat nie almal wat in die hemel is deur sulke verskriklike stryd gegaan het nie – almal is verseker nie ter wille van hulle Christelike geloof vervolgd en doodgemartel nie!

Hierdie groep mense word nie weer simbolies aangedui as 144 000 nie. Hulle hoeveelheid word net aangegee as: **daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie.**

- Natuurlik is die getal van die uitverkorenes vasgestel.
- Natuurlik weet God presies hoeveel hulle is en Hy kan hulle tel.
- Maar vir Johannes is dit te veel: Daar staan te veel mense met wit klere wat palmtakke swaai – 'n mens kan hulle nie tel nie.

Daarmee openbaar die Here hoe baie mense Hy uit die ganse mensheid verlos het.

- Die Here Jesus het hulle verlos omdat Hy hulle met sy bloed gekoop het en hulle oordeel voor God gedra het.
- Die wit klere is die simbool van die reinheid wat aan hulle toegeken is deur die versoening van die Here Jesus Christus.
 - Hulle is nou heilig en rein voor God en
 - hulle mag sonder enige smet of vloek in God se koninkryk wees
- Die palmtakke is die simbool van:
 - die vrede wat hulle voor die troon van God het – vrede wat hulle gekry het as gevolg van die versoening deur die Here Jesus Christus.
 - Maar dis ook simbool van blydskap en feestelikeheid wat hulle in die Here Jesus gekry het.

Die volgende dag het 'n groot menigte feesgangers, toe hulle hoor dat Jesus na Jerusalem kom, palmtakke geneem en uitgegaan Hom tegemoet en geroep: Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here, die Koning van Israel. (Johannes 12:12-13 AFR1953)

Vers 11, 12

En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid en gesê: Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen.

(Openbaring 7:11-12 AFR1953)

Alle engele! Wie sal ooit kan probeer dink hoeveel en hoe geweldig baie dit is! Dit moet 'n see van engele wees. Waarom loof hierdie klomp engele die Here?

- Natuurlik omdat Hy God is (en ook hulle God is!).
- Maar ook omdat Hy al sy verseëlde/uitverkorenes verlos het.

Daar is so baie engele dat hulle in 'n sirkel rondom die troon van God staan!

- Let wel: Die ouderlinge en die vier lewende wesens is nog steeds (altyd!?) by die troon van God!
- Die boek Openbaring wys 'n hele paar keer daarop dat die ouderlinge en die vier lewende wesens daar by die Here se troon is.

Vergelyk die volgende verwysings:

Openbaring 4:6

. . . en voor die troon was daar 'n see van glas soos kristal, en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens vol oë van voor en van agter.

Openbaring 4:8

. . . En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!

Openbaring 5:6

En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde.

Openbaring 5:8

. . . en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met sifers en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is.

Openbaring 5:14

En die vier lewende wesens het gesê: Amen! En die vier en twintig ouderlinge het neergeval en Hom aanbid wat lewe tot in alle ewigheid.

Openbaring 6:1

En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk!

Openbaring 6:6

En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie.

Openbaring 7:11

En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid en gesê:

Openbaring 14:3

En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd vier en veertig duisend wat van die aarde vrygekoop is.

Openbaring 15:7

En een van die vier lewende wesens het aan die sewe engele sewe goue skale gegee, vol van die grimmigheid van God wat leef tot in alle ewigheid.

Openbaring 19:4

En die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het neergeval en God aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amen, Halleluja!

Daarby staan al die uitverkorenes ook nog in hulle blinkwit klere met swaaiende palmtakke voor die Here.

- Hulle staan voor die troon van die Here, en
- die miljoene engele vorm 'n kring buite hulle om.
- Wat 'n geweldige gesig – dit is dus 'n openbaring van alle geestelike skepsele en geredde mense wat gelyktydig voor God is en Hom loof en prys!

Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; (Openbaring 7:9 AFR1953)

- *Die geredde mense juig, en*
- *die engele en die ouderlinge en die vier lewende wesens bid!*

Die jubelgebed begin en eindig met *Amen*.

Amen! Die lof en die heerlijkheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen.

Hierdie soort biddende erkenning van die grootheid van God kry ons op meer plekke in die Bybel. Dink byvoorbeeld aan die volgende aanhalings:

Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen. (Romeine 11:36 AFR1953)

. . . tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom.
(1 Korintiërs 8:6 AFR1953)

Die woorde van hierdie aanbiddingslied kom ook min of meer so voor in die volgende verse in die Boek Openbaring:

En elke keer as die lewende wesens heerlijkheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, ... U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlijkheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape. (Openbaring 4: 9 en11 AFR1953)

. . . en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlijkheid en lof. En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid! (Openbaring 5:12-13 AFR1953)

Die aanbiddingslied noem dus al die eienskappe van die Here by wyse van gebed.

- Ons aanbid en dank Hom dus ook oor en vir al die eienskappe wat Hy het.
- Hy openbaar al sy eienskappe in sy verlossingswerk oor ons – daarom is dit so pertinent in hierdie gebed.

Let daarop dat die engele bid tot **onse God!** Dis logies, want God is ook God van die engele. Met die woord **onse**, bely hulle dat:

- ons en hulle saam aan een God behoort en
- saam een God aanbid.

Die twee *Amens* beklemtoon en bevestig die krag van hierdie engele se aanbiddingslied.

Vers 13

Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom?

(Openbaring 7:13 AFR1953)

Dit help nie Johannes sien hierdie groot skare verlostes voor die Here, maar hy laat weet ons nie wie hulle is en waarvandaan hulle kom nie.

- Dis belangrik dat ons dit moet weet, omdat die verlossing ons saak is – en ook omdat dit 'n visioen van ons in ons staat van verlossing is.
- Daarom moet hy die identiteit en die herkoms van hierdie mense deeglik bekendmaak.

Daarom praat 'n ouderling met hom!

- Waarom 'n ouderling?
- Omdat die ouderlinge die verteenwoordigers van God se kerk/gemeente is!
- Dis waarom.

Die ouderling vra Johannes uit oor die gesig wat hy sien.

Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom?

Let daarop dat die vraag op so 'n manier gevra word dat 'n paar dinge uitstaan:

- Die eerste is die **wit klere** wat al daardie mense aan het.
- Die tweede is **wie** hulle is.
- Die derde is **waarvandaan** hulle kom!

Dit is dus belangrik dat ons wat van hierdie openbaring kennis neem, *moet weet hoe ons aan ons wit klere kom!*

Dit is net so belangrik dat ons weet waar ons vandaan kom.

Dink saam met hierdie openbaring aan Johannes aan die volgende Skrifgedeeltes:

Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige daad van die heiliges.

(Openbaring 19:7-8 AFR1953)

Hierdie beeld van die kerk van die Here wat blink fyn linne aan het, klop dus met die openbaring van die verseëlde/gereddes wat met die wit klere (en die palmtakke) voor die troon van God staan.

MAAR: Daar is duidelik iets bygevoeg.

Die fyn linne is die regverdige daad van die heiliges.

- Die fyn linne se kleur is blink – dus wit: . . . **blink fyn linne** . . .
- Dit is 'n getuigenis van hulle werke of gehoorsaamheid aan die Here tydens hulle aardse lewe.

Dan val die gelykenis in Matteus 22 ook vanself in plek. Dis die gelykenis waar al die belangrike mense fees toe genooi word, maar elkeen het 'n verskoning – dood in die familie, nuwe plaas, ens . . .

- Toe laat kom die Gasheer al die arm mense van die straat af en hulle gaan fees toe! Dis ons in ons sondes wat uit genade gered word.
- Tog kom die Gasheer by een van die gaste wat nie bruiufsklere aan het nie en vra vir hom: “Wat maak jy hier sonder feesklere?”
- Toe gooi Hy hom uit buitentoe.

Dit lyk asof die Here iemand hemel toe nooi uit genade en hom dan weer wegjaag?!

Openbaring verklaar wat die gelykenis by ons tuisbring:

- Hierdie ou met die vuil klere aan het nie die vrugte van die Gees gedra nie (ken die boom aan sy vrugte).
- As hy goeie werke gedoen het, was sy klere ook WIT, want God beklee ons met ons goeie werke voor sy troon.
- As jou klere nie wit is nie, is daar nie plek vir jou nie.

Waarom het die koning die een gas uitgesmyt wat nie 'n bruiufskleed aangehad het nie?

- Sy bruiufskleed moes die getuigenis wees van sy goeie werke tydens sy aardse lewe – en die het hy nie gehad nie!
- Daar is dus iemand wat in die kerk beland het, maar sy lewe het nie getuig van 'n ware geloof nie.

- Daarom smyt die Here hom uit – die werklose is waar hy nie hoort nie.

En toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar iemand wat nie 'n bruilofskleed aan het nie. En hy sê vir hom: Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan? En hy kon geen woord sê nie. Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande. (Matteus 22:11-13 AFR1953)

Hierdie gelykenis bring weer die erns van heiligwording, ná die Here Jesus Christus se regverdigmaking, in fokus.

Vers 14

En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. (Openbaring 7:14 AFR1953)

Dit is duidelik dat Johannes nie die ouderling se vraag kan beantwoord nie.

Al staan dit hier op 'n ander manier geskryf as wat ons dit in die Afrikaanse idioom sou sê, erken hy dat hy nie weet nie: **My heer, u weet dit.**

- Op die manier wat hy antwoord, erken hy dat hy weet dat die ouderling inderdaad die antwoord op die vraag ken.
- **My heer, u weet dit** beteken: *Ek weet nie wat die antwoord is nie. Ek is egter daarvan bewus dat u weet wie die mense is. Sal u asseblief so vriendelik wees om vir my te sê wie hulle is!*

Die ouderling reageer op Johannes se vraag. Hy antwoord dat hierdie mense uit **die groot verdrukking** kom.

- Verdrukking beteken nie net die groot verdrukking van gelowiges wat tydens die eindtyd gaan plaasvind nie.
- Die eindtydverdrukking word op verskillende plekke voorspel en beskryf. Vergelyk byvoorbeeld:

Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. (Openbaring 3:10 AFR1953)

Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word. As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! —moet dit nie glo nie.

(Matteus 24:21-23 AFR1953)

Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratere, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.

(2 Timoteus 3:1-5 AFR1953)

Die **groot verdrukking** waarvan die ouderling praat, verwys na die gelowiges se totale lewe op aarde.

- Tydens ons aardse lewe beleef ons allerhande gevare, verleiding en vervolging.
- Die duivel is nie lui nie. Hy word nie moeg en vat tyd af nie – hy gryp elke geleentheid met al twee sy hande vas om mense te verpes, veral die gelowiges.
- Die Here noem die duivel ook byvoorbeeld **die owerste van hierdie wêreld.**

Dink hier aan uitsprake wat die Here maak, soos byvoorbeeld:

Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. (1 Petrus 5:8 AFR1953)

Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word. (Johannes 12:31 AFR1953)

Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het. (Openbaring 12:12 AFR1953)

Wat die ouderling dus vir Johannes sê, is dat die gelowiges op hierdie aarde swaar tye sal hê.

- As hulle in die saligheid van die Nuwe Aarde is, sal hierdie lewe inderdaad soos 'n groot verdrukking daarteenoor staan.
- Die rede daarvoor is duidelik uit die drie bostaande verse:
 - Die duiwel sal soos 'n honger leeu onder ons rondloop en ons probeer verskeur en insluk.
 - Hy sal baie mag hê om ons 'n hele klomp ellendes aan te doen – hy is die owerste van hierdie wêreld.
 - Hy gaan baie opruierig en ongerieflik met ons wees! Hy gaan met geweld en onklaarkomstigheids onder ons probeer maai, omdat hy weet dat die wederkoms vlak voor die deur is – en dan is sy draadjie geknip.

Maar dit beteken nie dat die duiwel die oorwinnaar gaan wees nie.

- Daarom is die mense met die wit klere voor God se troon en nie saam met die Satan in die hel nie.
- Hulle is darem ook nie sommer net enige mense nie. Die Bybel gee aan hulle 'n bepaalde kwalifikasie:

Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.

(Matteus 24:13 AFR1953)

Hulle stryd tydens hulle aardse lewe word op nog 'n manier beskryf:

. . . en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.

- Hierin lê natuurlik die erkenning dat die mense van nature sondaars is (en was!), want hulle het nie wit klere gehad nie.
- Hulle klere was vuil.
- Hulle lang klere het eers wit geword nadat dit gewas (gespoel) is in die bloed van die Lam.

Die stuk openbaring werk met beeldspraak.

- Dit dui aan dat ons vanself sondaars is,
- maar dat ons ons toevlug geneem het na die kruis van die Here Jesus Christus toe.
- Deur sy verdienste (om sy onwil!) het ons (besit ons!) nou vergewing van sondes.
- Deur Hom het ons nou God se geregtigheid ontvang.

Vraag: Sou ons kon sê dat die lang wit klere wat ons aan het die simbool is van die mantel wat ons van die Here Jesus af ontvang het? Die mantel wat simboliseer dat ons deur die Here Jesus Christus van God af vryspraak, geregtigheid en heiligheid ontvang het.

en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed (Openbaring 1:5 AFR1953)

Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en self om jou oë te self, sodat jy kan sien.

(Openbaring 3:18 AFR1953)

En rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier en twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad.

(Openbaring 4:4 AFR1953)

En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees. (Openbaring 6:11 AFR1953)

Vers 15

Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan. (Openbaring 7:15 AFR1953)

Ons wat met die wit klere aangetrek is, is direk voor God se troon.

- Wat reeds vooraf geopenbaar is, is dat die mense met die wit klere juigend voor God staan.
- Daar is nie 'n sekonde waartydens nie geloof en geprys en gedank word nie – die palmtakke swaai nog steeds!

Hier is 'n parallel met die aardse lewe.

- Op aarde het daardie mense nie die Here verloën nie – hulle het Hom gedien ondanks verdrukking en teenstand.
- Daarom laat God hulle daarmee voortgaan in sy koninkryk – . . . **voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel.**

Dag en nag beteken dat hulle die Here sonder ophou met blydschap dien – hulle juig en dien God vir ewig.

Die gereddes in die wit klere doen dus dieselfde as die vier lewende wesens.

En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom! (Openbaring 4:8 AFR1953)

In hierdie openbaring kom die simboliek van die erediens tot volkome vervulling:

- Die aanbidding hou nie na 'n uur (!) op en die mense gaan huis toe nie!
- Dit hou nooit weer op nadat dit begin het nie!
- Ons gemeenskap met die Here is dan nie meer simbolies en gedeeltelik onsienlik nie – omdat die Here se teenwoordigheid Sondae tydens die erediens nie gesien word nie.

Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan.

Dit is 'n beeld waarmee die innigste en diepste gemeenskap tussen God en sy uitverkorenes uitgebeeld word.

Vergelyk hier ook:

En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. (Openbaring 21:3 AFR1953)

Hierdie openbaring antwoord 'n vraag wat al van Salomo af saamkom:

Maar sou God werklik by die mense op die aarde woon? Die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het! (2 Kronieke 6:18 AFR1953)

Die aardse tempel/kerkgebou op die aarde is slegs 'n voorspel van hierdie werklikheid wat ons op die Nuwe Aarde sal hê.

- God sal ten volle by sy kerk/uitverkorenes wees.
- Ons sal die Here in sy direkte teenwoordigheid dien.

Vers 16

Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; (Openbaring 7:16 AFR1953)

Die oomblik wanneer hierdie skare in direkte diens van God tree, verval alle gebrokenheid wat in hierdie skepping bestaan het.

- Dan is hulle in die volle volmaakte saligheid.
- Hulle is dan vir ewig vry van sonde en die duiwel en al die probleme wat die wêreld vir hulle gegee het.
- Die beelde wat opgenoem word (. . . **nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte . . .**) se bedoeling is dat alles wat geestelik of liggaamlik kan hinder of seermaak, deur God weggeneem is.

Vers 17

. . . want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee.
(Openbaring 7:17 AFR1953)

Alle heil wat deur die Here Jesus Christus verwerf is, word dan deur Hom aan hulle gegee.

Daarom openbaar die Here dat die **Lam wat in die middel van die troon is**, hulle lei . . .

Dink hier aan dinge en beelde wat reeds vroeër profeties gebruik is, byvoorbeeld Psalm 23:

Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie. Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen. (Psalm 23:1-2 AFR1953)

Of Johannes 10:14vv:

Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken. Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê my lewe af vir die skape. Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder.

(Johannes 10:14-16 AFR1953)

Die Here Jesus se leiding en teenwoordigheid verseker aan ons lewensmiddele wat nooit gedaan sal raak nie:

. . . sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei . . .

Alle soorte leed en hartseer wat ons in die aardse lewe geken het, is ook meteens weg. Dit sal vervang wees met vreugde en blydschap en tevredenheid.

God sal alle trane van hulle oë afvee

Ons sal daar oorlaai wees met saligheid en heerlikheid. Ons sal niks anders kan doen as om net vreugde en blydschap uit te jubel nie!

En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. (Openbaring 21:4 AFR1953)

Ek is baie bly in die HERE, my siel juig in my God; want Hy het my bekleed met die klere van heil, my in die mantel van geregtigheid gewikkel—soos 'n bruidegom wat priesterlik die hoofversiersel ombind, en soos 'n bruid wat haar versier met haar juwele. (Jesaja 61:10 AFR1953)

Daarom, so sê die Here HERE: Kyk, my knegte sal eet, maar julle sal honger bly; kyk, my knegte sal drink, maar julle sal dors wees; kyk, my knegte sal bly wees, maar julle sal beskaamd staan. Kyk, my knegte sal jubel, omdat hulle hart vrolik is, maar julle sal skreeu van pyn in die hart en huil deur die verbreking van gees. En julle sal jul naam vir my uitverkorenes as 'n woord van verwensing laat agterbly, en die Here HERE sal jou ombring. Maar sy knegte sal Hy noem met 'n ander naam, (Jesaja 65:13-15 AFR1953)